# Blouberg Ridge Primary School
# Grade 5
# Afrikaans FAL
# Mid-Year Examination Paper 2019
# Marking Guidlines

## Leesbegrip

**Lees die storie en beantwoord die vrae wat volg**


Faeeza is baie opgewonde **(excited)**, want dit is uiteindelik **(finally)** vakansie. Wanneer dit vakansie is, gaan kuier sy gewoonlik **(usually)** by haar maats, gaan fliek en bou 'n legkaart. Hierdie vakansie is anders, want Faeeza en haar gesin gaan by haar ouma in Durban kuier. Hulle gaan met die vliegtuig na Durban vlieg. Dit sal haar eerste keer op 'n vliegtuig wees.

Faeeza pak al die dinge wat sy gaan nodig hê. Sy pak haar storieboek, swembroek en klere in haar tas. Sy help haar pa om al die bagasie in die motor te laai. Hulle maak seker die huis is gesluit, voordat Faeeza se tannie hulle by die lughawe aflaai.

Die lughawe is groot en besig. Daar is baie mense. Faeeza en haar ouers gaan staan in 'n ry om hulle bagasie te laat weeg **(weigh)**. Hulle stap dan na die vertreksaal toe, waar hulle moet wag totdat hulle oor die interkom **(intercom)** geroep word.

Hulle klim met trappe by die vliegtuig in. Faeeza sit by die venster. Daar is baie passasiers in die vliegtuig. Sy sien ook twee lugwaardinne **(air-hostesses)** in die vliegtuig. 'n Rukkie later is die vliegtuig in die lug. Hulle vlieg Durban toe! By die lughawe in Durban wag Faeeza se ouma vir hulle. Faeeza se ouma begin huil en gee vir Faeeza 'n stywe drukkie.

(Verwerk uit: Nuwe Afrikaans is maklik. Leerderboek.Heineman Uitgewers.2004)



**Vraag 1: Kies die korrekte antwoord: (VLAK 1)**

1.1 Faeeza en haar gesin gaan by haar (**ouma;** ma; tannie) kuier. ✔ (1)

1.2 Faeeza se (ouma; ma; **tannie**) neem hulle lughawe toe. ✔ (1)

1.3 Daar is (een; **twee**; drie) lugwaardinne in die vliegtuig. ✔ (1)

**Vraag 2: Rangskik die onderstaande sinne in die korrekte volgorde. Skryf slegs die nommer 1-3 neer. (VLAK 2)** (3)

| | |
|---|---|
| Faeeza en haar pa pak al die bagasie in. | **2** ✔ |
| Hulle gaan Durban toe vir die vakansie. | **1** ✔ |
| Die vliegtuig is uiteindelik oppad Durban toe. | **3** ✔ |

**Vraag 3: Pas Kolom A by Kolom B deur die letter langs die korrekte nommer te skryf. (VLAK 3)** (6)

| A | | Antwoord | B | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | lughawe | 3.1 **B** ✔ (3) passassiers | A | Mense wat vervoer word. |
| 3.2 | bagasie | 3.2 **D** ✔ (1) lughawe | B | 'n Plek waar 'n vliegtuie aankom en vertrek. |
| 3.3 | passasiers | 3.3 **A** ✔ (5) Swembroek | C | Klere wat jy aantrek wanneer jy strand toe gaan. |
| 3.4 | vertreksaal | 3.4 **F** ✔ Bagasie (2) | D | Alles wat jy saamneem met vakansie. |
| 3.5 | swembroek | 3.5 **C** ✔ Durban (6) | E | 'n Stad in Suid-Afrika. |
| 3.6 | Durban | 3.6 **E** ✔ (4) vertreksaal | F | 'n Area waar 'n mens wag voordat 'n mens op die vliegtuig klim. |

Exemplar

**Vraag 4: Beantwoord die vrae: (VLAK 4 & 5)**

4.1 Waarom pak Faeeza 'n storieboek in? (1)

**Sy hou van lees./Sy is besig met 'n goeie of lekker boek./**
**Sy kan lees oral waar sy is.** ✓
**(enige soortgelyke of gepaste antwoord sal aanvaar word.)**

4.2 Hoekom dink jy het Faeeza se ouma gehuil toe sy hulle sien? (1)

**Faeeza se ouma was bly om hulle te sien.** ✓
**(enige soortgelyke of gepaste antwoord sal aanvaar word.)**

4.3 Gee 'n gepaste titel vir die storie. (1)

**Faeeza se vakansie** (reis) **/ Faeeza gaan kuier by haar ouma/**
**Faeeza se eerste vlug** Faeeza gaan ✓ Durban toe.
**(enige soortgelyke of gepaste antwoord sal aanvaar word.)**
Faeeza se eerste keer op 'n Vliegtuig
Faeeza gaan Durban toe.
Faeeza gaan op 'n vliegtuig.

Aanvaar nie: Die vakan[sie]
Beste vakan[sie]
Faeeza en haar vakansie
Die Durban vakansie.
Vakansie in Durban.
Faeeza se vakansie in Durban.
~~Die beste vakansie~~
~~Ons gaan~~

Exemplar

**Leesbegrip van 'n visuele teks**

Kyk na die advertensie en beantwoord die vrae wat volg:



**Vraag 5: Kies die korrekte antwoord.**

5.1 Die advertensie adverteer 'n (**vakansie**/kompetisie/televisieprogram). ✓

5.2 Jy moet voor (**April**/Desember/Januarie) bespreek. ✓

5.3 Die vakansie kos (R350/**R3500**/R35 000). ✓

5.4 (Drie/**Vier**/Vyf) mense gaan 'n kajuit deel. ✓

5.5 Die vakansie is in die (**Somer**/Winter/matriekeksamen). ✓

## Taalstrukture en –konvensies

**Vraag 6: Skryf die sin korrek volgens STOMPI.**

6.1 gaan Faeeza by haar ouma kuier. die vakansie (1)

**Faeeza gaan die vakansie by haar ouma kuier.** ✓

**S V1 T P V2**

**Vraag 7: Voltooi die onderstaande sinne deur gepaste voorsetsels in te vul.** (3)

7.1 Faeeza en haar gesin klim **in** die motor. ✓

7.2 Haar ma sit **langs/voor/agter** haar in die vliegtuig. ✓

7.3 Faeeza hou **van** vlieg. ✓ by

Exemplar

**Vraag 8: Voltooi die tabel.** (3)

| Manlik | Vroulik |
|---|---|
| man | 8.1 **vrou** ✓ |
| 8.2 **seun** ✓ | dogter |
| 8.3 **oupa** ✓ | ouma |

**Vraag 9: Skryf die volgende sin in die verlede tyd.** (1)

9.1 Faeeza kuier by haar ouma.

**Faeeza het by haar ouma gekuier.** ✓

**Vraag 10: Skryf die volgende sin in die toekomde tyd.** (1)

10.1 Faeeza se pa wag vir sy tas.

**Faeeza se pa sal vir sy tas wag.** ✓

**Vraag 11: Skryf die volgende sin in die lydende vorm.** (1)

11.1 Die vlieënier land die vliegtuig.

**Die vliegtuig word deur die vlieënier geland.** ✓


**Vraag 12: Skryf die volgende sin in die indirekte rede.** (1)


12.1 Faeeza sê: "Ek gaan Durban toe."

**Faeeza sê dat sy Durban toe gaan.** ✓


Exemplar


**Vraag 13: Trappe van vergelyking. Gebruik die prente as leidrade.** (2)





13.1 groot groter **grootste** ✓





13.2 baie **meer** ✓ meeste

**Vraag 14: Verbind die sinne deur die voegwoorde in hakies te gebruik.** (3)

* Merk ✓ al is (.) nie daar nie of op verkeerde plek.

14.1 Faeeza is opgewonde. Dit is vakansie. (want)

**Faeeza is opgewonde, want dit is vakansie.** ✓

14.2 Faeeza pak haar klere. Sy laai haar bagasie in die motor. (en)

Faeeza pak haar klere en sy laai haar bagasie in die motor.

**Faeeza pak haar klere en laai haar bagasie in die motor.** ✓

14.3 Sy is bang. Dit is haar eerste keer op 'n vliegtuig. (omdat)

**Sy is bang omdat dit haar eerste keer op 'n vliegtuig is.** ✓

**Vraag 15: Voltooi die tabel deur die meervoude in te vul.** (3)

| **Enkelvoud** | **Meervoud** |
|---|---|
| tas | 15.1 **tasse** ✓ |
| vakansie | 15.2 **vakansies** ✓ |
| boek | 15.3 **boeke** ✓ |

**Vraag 16: Kies die korrekte spelling.** (1)

16.1 Faeeza en haar gesin (**reis**/rys) na Durban. ✓

Exemplar

**TOTAAL 20**